

Ons Haantjie

Nr 147
Augustus
2021

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond

Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
6848 Villiersdorp

Tel: 028 840 0113

www.henning.org

E-pos: olie4@henning.org

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

Voortrekkermonument, Pretoria



Sedert die uitbraak van die Covid-19 pandemie, het dit aan die lig gekom dat die Voortrekkermonument in groot verknorsing is omdat sy hoof bron van inkomste – buitelandse toeriste – weens die pandemie opgedroog het. Afrikanermonumente en kultuurterreine kry geen finansiële ondersteuning van die huidige regering nie en die Erfenisstigting, wat omsien na alle Afrikanerkultuurgoedere - onder andere die Voortrekker-

monument -, moet self die fondse vind om te oorleef.

Een van die vindingryke maniere wat die Erfenisstigting uitgedink het om fondse in te samel was om die hele Voortrekkermonument, stuk vir stuk, simbolies te verkoop.


Waar die Henning Familiebond in die verlede by verskeie soorgelyke projekte betrokke geraak het, onder andere die oprigting van 'n Konsentrasiekamp-gedenkteken by die Oorlogsmuseum van die Boererepubliek; die oprigting van 'n Gedenkmuur van gesneuwelde burgers gedurende die ABO by die Oorlogsmuseum; die eeufeesviering van die Vrouemonument; die bewaring van die Pediment van die Ou Raadsaal van die Vrystaatse Republiek en die verskuiwing van die Andries Pretorius gedenkteken by Graaff-Reinet, het die bestuur van die familiebond weereens besluit dat ons moet probeer om ook hier ons bydrae te lewer.

Die Henning Familiebond is 'n ingeskrewe lid van die Erfenisstigting, omdat die geskiedenis van ons familie ingewef is in die geskiedenis van die Afrikanervolk. Ons het dus met die uitstuur van die Ons Haantjie nuusbrief nr 146/Mei 2021 'n beroep op alle Hennings wat die Nuusbrief ontvang, gedoen om ons in hierdie veldtog te steun. Die Familiebond sal self uit eie fondse R1 000.00 bydra.

In ou Baltiese dialek was Hen = Haan (manlik), Henne =Hen (vroulik). Henning = Haantjie



'n Lugfoto van die saamtrek om die monument tydens sy inwyding in Desember 1949, elf jaar nadat die hoeksteen in Desember 1938 gelê is.



a2.b7.c1.d10.e3.f1. **Paulus Petrus Henning *28-1-1899, sy vrou Anna Maria (gebore van Wyk) en hul dogter Anna Maria (g3). Paul was die eerste Superintendent van die Voortrekkermonument, vanaf 1949 tot 1956, waar die foto geneem is**

Nege lede het hul beursies oopgemaak en ons het uiteindelik R12 000.00 ingesamel, ingesluit die familiebond se R1000.00. Die volgende lede het, bydraes gemaak (in genealogiese nommer volgorde:

a2.b1.c6.d14.e2.f4. Mev M M Henning (gebore Mackinnon)

a2.b5.c1.d3.e1.f7.g4.h1. Mev M Van der Westhuizen (gebore Henning)

a2.b6.c4.d1.e5.f10.g6.h2. Mev M M Page (gebore Henning)

a2.b7.c1.d3.e5.f1.g4.h3. Mnr G H F Henning

a2.b7.c2.d3.e4.f3.g2. Mnr M C Henning

a2.b7.c8.d5.e7.f3. Mev L Henning (gebore De Kock)

a2.b7.c8.d8.e3.f4. Brig-Genl O J Henning

a2.b7.c8.d8.e3.f5. Mev H C Henning (gebore Kleynhans) en haar dogter mej C N Henning

a2.b9.c3.d3.e3.f4.g2.h2. Dr N G C Henning

Koop jou stukkie Voortrekkermonument

Deur 'n gedeelte van die Monument te 'koop', kry die 'koper' 'n sertifikaat wat aandui watter gedeelte van die Monument hy/sy 'gekoop' het. Die name word dan in die Voortrekkermonument se argief aangeteken vir die nageslag as diegene wat tydens hierdie ernstige krisis 'n verskil gemaak het deur finansiële by te dra. Hy/sy word dan ook ere mede'eenaar van die Monument. Die Monument bestaan uit 'n groot aantal argitektoniese-belangrike elemente en kunswerke soos die hoekfigure, die marmerfries-paneel, granietstene, die venstertjies, die walaer en so meer. Pryse wissel van R20 per trappie tot R100 000 vir een van die marmerfries-paneel.

Die historiese fries in die Voortrekkermonument is 'n intrinsieke gedeelte van die ontwerp, wat op 'n universele wyse die geskiedenis van die Trek uitbeeld. Die vernaamste voorvalle van die Groot Trek word weergegee van die tyd toe

die Trekkers die Kaapkolonie verlaat het, totdat die Republiek deur die ondertekening van die Sandrivierkonvensie in 1852 erken is. Die Trekkers se lewenswyse, werkmetodes, gevegte, staatkundige bedrywighede – kortom, die hele samestelling van die trekkerlewe – word in beeld weergegee. Die fries begin by die voordeur wat toegang tot die Haldesaal verleen en ontplooi van links na regs. In geheel is daar 27 afsonderlike panele wat in 'n enkele fries saamgevat is. Hierdie marmerfries is die langste bestaande fries ter wêreld.

Hoewel elkeen van die 27 panele van die historiese fries deur een koper gekoop kan word, het die personeel wat die projek bestuur besef dat daar nie veel mense sal wees wat 'n hele paneel sal kan bekostig nie en het dus 'n waarde op elke figuur of item op elke paneel geplaas, wat dan deur kleiner donateurs(kopers) gekoop kan word.

Na deeglike oorweging is daar besluit dat die Henning Familiebond vyf figure op paneel 5 kan bekostig. Paneel 5 beeld die Slag van Vegkop, 1836 uit. Hennie Potgieter was die beeldhouer van hierdie paneel.



Die vyf figure wat die Henning Familiebond “gekoop” het en wat verderaan beskryf word

Andries Hendrik Potgieter het die Kaapkolonie einde Desember 1835 verlaat en Sarel Cilliers en sy geselskap het later by hom aangesluit.

Wat interessant is, is dat Potgieter vanaf die plaas Commando Drift in die Tarka vertrek het. Die eerste eenaar van Commando Drift was die Henning stamvader, Pieter Hendrik Henning aan die wie die plaas op 25-9-1789 toegeken is.

Altesaam het die groep uit 158 gesinne bestaan. Die Ndebeles (ook genoem Matebeles), 'n splintergroep van die Zulu's, het gedurende hierdie tyd 'n skrikbewind teen die plaaslike bevolkings in die binneland gevoer. Die Slag van Vegkop het in Oktober 1836 naby die huidige Heilbron plaasgevind, toe die Voortrekkers deur nagenoeg 6 000 Ndebele-krygers van opperhoof Mzilikazi (Silkaats) aangeval is.

Selfs die vrouens en kinders moes help om voorlaaiers te laai en koeëls te giet. Die aanval is afgeslaan, maar die Ndebeles het al die Voortrekkers se vee gebuit en die Voortrekkers was gestrand. Die Barolong het vir hulle trekosse en voedsel gestuur, sodat hulle na Thaba Nchu kon terugtrek.

Waar die Hennings in hierdie prentjie inpas

Die rede hoekom ons op figure op paneel 5 besluit het, word gevind in die volgende: a2.b5.c2. Pieter Hendrik Henning *8-9-1804 en sy eerste vrou, Elizabeth Catharina (Elsa) Booysen (sy niggie) het teen 1835 op hul plaas, De Put in die Brakrivierwyk, distrik Somerset geboer. Hierdie plaas lê in lyn tussen Middelburg, Kaap en Hofmeyer. Elsa word op 13 November 1835, gedurende die verwoestende sesde Xhosa-oorlog vermoor – kort na die geboorte van hulle vyfde kind.

Sy was die heel eerste Henning wat gewelddadig gedurende ‘n oorlog in Suid-Afrika gesterf het.

Om man alleen op ‘n boereplaas vir vyf klein kindertjies, waarvan die jongste ‘n baba wat nog nie eens ‘n maand oud was nie, te sorg, was bykans onmoontlik. Hy trou dus vroeg in 1836 en hy, sy nuwe vrou, Aletta Catharina Martha (gebore De Bruyn) en vyf kindertjies, se spoor kan van hier af, deur die Vrystaat, op dié van die Andries Hendrik Potgieter geselskap tot by Potchefstroom gevolg word, waar hy en sy gesin op die plaas Matjesspruit gaan woon het. Hy sterf in die ouderdom van 91 jaar en elf maande. Verskeie afstammelingen van hierdie gesin is op die E-Posdistribusielys om die Haantjie nuusbrief te ontvang.

Ons kon ongelukkig geen stawende bewyse vind dat Pieter Hendrik aan die Slag van Vegkop deelgeneem het nie, maar die feit dat ons stawende bewyse het dat hy en sy gesin deur die Vrystaat, tot in Potchefstroom altyd in die omgewing van die Potgieter geselskap was, kan mens sekerlik die afleiding maak dat Pieter Henning en sy gesin binne die Boerelaer by Vegkop kon gewees het.

Ons het dus op Paneel 5 – Slag van Vegkop besluit en het die volgende figure “gekoop”:

Figuur 1. Voortrekkerman met geweer – R2 500.00

Figuur 3. Gewonde voortrekker – R2 500.00

Figuur 4. Voortrekkervrou – R2 500.00

Figuur 11. Voortrekkervrou – R2 500.00

Figuur 13. Voortrekkerman wat aanlê – R2 000.00

Daar moet onthou word dat verskeie van die ander figure reeds verkoop was en die koste van figure wissel. Ons moes ‘n kombinasie maak wat presies op R12 000.00 uitkom.

Oktober 1836: Gebeure rondom Vegkop

Die Slag van Vegkop het op 16 Oktober 1836 naby Heilbron in die Oranje Vrystaat plaasgevind. Vroeër het ‘n impi van ongeveer 600 krygers vyftien tot sewentien boere aan die Vaalrivier vermoor en drie kinders weggevoer.

Silkaats het op Sondag 16 Oktober sy hele mag van sowat 6 000 gestuur om die boere aan te val. Omtrent 1/3 van hierdie mag was egter slawe, wat bloot saamgegaan het om beeste te buit en terug te jaag. Twee dae voor die slag is die boere deur Betsjoena-boesmans of Bataoeng gewaarsku dat die impi op pad was.



Paneel 5 – Vegkop aan linkerkant. Regs die inhuldiging van Retief as leier van die Voortrekkers

'n Ronde walaer is getrek deur die disselbome van die sowat 50 waens onder die volgende wa vas te ketting, en alle spasies is met doringtakke gevul, sodat die aanvallers nie kon deurkruip nie. Die verdedigers was net 35 man sterk.

Op die oggend van die aanval het die boere verskeie kilometers uitgery om die vyand tegemoet te gaan, want miskien kon die Ndebeles (Matebeles) teruggedryf word en 'n direkte aanslag op die laer afgeweer word. Die boere was te perd, en die Ndebeles te voet, gewapen met assegaai en skild. Die boere kon baie raakskiet, maar dit het nie verhoed dat die Ndebeles stadig na die laer gevorder het nie. Na sowat drie uur was die mans terug by die laer. Hulle het die laer binnegery en voorberei om die laer te verdedig teen 'n meerderheid van sowat 150 teen 1.

Die Ndebeles het net buite trefafstand bly staan om uit te rus, en daarna hulself in twee halfmane aan weerskante van die laer gegroeper, voordat 'n stormloop op die laer uitgevoer is. Party het deur die takke probeer kruip, en die leerrieme probeer afsny waarmee die takke vasgebind is, en ander het hul assegaai in die laer ingewerp. Na 'n paar minute het die Ndebeles weens hul wonde en bloedvergieting op die vlug geslaan. Twee boere was dood en 184 van die Ndebeles het buite die laer gesterf. Daar is beraam dat Silkaats ongeveer 'n derde van sy manskappe verloor het, maar die buit was groot. 50 000 skape en bokke is meegevoer, asook 5 000 beeste, insluitend al die trekbeeste.



Een van die vyf sertifikate wat uitgereik is as bewys van die Henning Familiebond se deelname aan die 'virtuele' herbou van die Voortrekkermonument tydens die Covid-19 krisis wat sedert 2020 ontstaan het

Tweede Basoeto Oorlog 1865 se Vechtkop

Interessantheidshalwe wil ons ook vertel van die Henning's se betrokkenheid by 'n ander Slag van Vegkop wat gedurende 1865 tydens die Tweede Basoeto-oorlog tussen Trekboere wat in die Suide van die Vrystaat hul intrek geneem het en die Basoeto impi's van Moshoeshoe (ook genoem Mosjesh) betrokke was en wat die Tweede Basoeto-oorlog tot 'n einde gebring het. Die Boerekommando onder aanvoering van die beroemde Kmdt Louw Wepener het op die plaas van a2.b1.c3.d7. Daniël Stephanus Albertus Henning *20-7-1938 in die latere distrik van Zastron bymekaargekom. As gevolg hiervan het Danie Henning se plaas die naam "Het Kamp" gekry en die koppie op die plaas waar die finale slag plaasgevind het, is ook Vechtkop genoem.

'n Henning familie wat uitsonderlik presteer het

Ons was bewus daarvan dat a2.b7.c5.d7.e2.f1. Professor Cosmo Grenville Henning *20-4-1932 'n reus op akademiese gebied was. Hy was 'n uitnemende kultuur-historikus, musiekoloog en argivaris.

Hy en sy vrou, Joyce (gebore Roebuck) het drie seuns en 'n dogter gehad: Paul Roebuck Henning *9-4-1963 (g1); Michael Anthony (Mike) Henning *19-3-1964 (g2); Adrian Grenville Henning *2-7-1971 (g3) en hul dogter, Susan Claire Henning *24-12-1972 (g4).

In die Ons Haantjie van Mei 2021 het ons berig oor die uitsonderlike prestasie van Prof Mike Henning (a2.b7.c5.d7.e2.f1.g2. Michael Anthony Henning) van die Universiteit van Johannesburg wat as 'n wiskundige deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting gegradeer is in die veel gesogde A1 kategorie van navorsers.

In dieselfde nuusbrieff het ons ook oor Mike se broer, Adrian Grenville Henning berig wat in die Handelswetenskappe uitsonderlik presteer het, maar wat deesdae saam met sy vrou, Janice Lyn (gebore Turvey) Amerikaanse burgers is.



Ons het nou verneem dat die ander twee kinders, Paul Roebuck (g1) en Susan Claire (g4), met hulle families ook in die VSA woon en dat Paul ook op akademiese gebied uitsonderlik presteer het, naamlik in die mediese wetenskap waar hy 'n Mede-Professor in Noodgeneeskunde by die Universiteit van Suid-Alabama en Mediese Direkteur by die Orange Beach Brandweer Department is. Ons sal in die volgende nuusbrieff meer van hom vertel.

Volgens broer Adrian het hulle suster ook uitsonderlik presteer, maar sy was nie gewillig om haar prestasies met ons te deel – of te spog nie.

Die tragedie is dat drie van die vier lede van hierdie uitsonderlike familie nie meer in Suid-Afrika woon nie, maar in die VSA.

Prof Paul Roebuck Henning *9-4-1963 van die Universiteit van Suid-Alabama, VSA



Don Sigmund Henning *30-4-1962 en sy vrou, Maria Carolina (gebore Joubert) *20-10-1963 in beter dae

Nog Hennings wat emigreer het

a2.b6.c4.d7.e1.f9.g1 Don Sigmund Henning *30-4-1962. Uit Nieu-Seeland ontvang ons 'n brief van Don Sigmund Henning. Hy is 'n seun van Lambinon Henning en sy vrou Barbara Ottielle (gebore Thöle). Lambinon Henning is in Argentinië gebore as die negende, en jongste kind van Willem Frederik Henning en sy vrou, Roelfina Fredrika (gebore Van der Walt) wat kort na die einde van die Anglo-Boere-oorlog, in

1905 saam met 'n groot groep Boere na Argentinië emigreer het.

Lambinon Henning het egter in 1938 saam met sy ma en 234 ander gesinne na Suid-Afrika teruggekeer. Sy pa is in Argentinië oorlede. Barbara Ottielle Thöle is in die ou Rhodesië (Zimbabwe) gebore en al drie kinders, Don Sigmund en die tweeling, Loretta en Yvette is in Zambië gebore — Don op 30 April 1962 en die tweeling presies drie jaar later op 30 April 1965. Hierdie is dus 'n gesin van vele lande.

Ons gegewens in die Fameliekroniek het by die name van Don Sigmund en sy twee susters opgehou en ons het gehoop dat Don al – of meeste van - die ontbrekende gegewens vir ons sou kon aanvul.

Na skool het Don vir elf jaar by Coca Cola in Pretoria gewerk toe hierdie maatskappy hom wou forseer om 'n swarte op te lei om sy werk oor te neem. Hy was op daardie stadium 'n Produksiebestuurder. Die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika het pas aangebreek en hy het besef dat hy nie meer 'n toekoms by Coca Cola sal hê nie. Don bedank en begin sy eie besigheid. Sy klandisie was 95% swartmense en na drie jaar kon hy die onaangenaamheid en spanning wat die besigheid ingehou het nie meer verduur nie. Hy besluit om weer werk te soek, terwyl sy vrou die besigheid oorneem om die pot darem aan die kook te hou.

Hy kry werk in Botswana by 'n firma wat diamante ontgin en hy word as Operasionele Bestuurder aangestel. Dit het goed gewerk, buiten die feit dat hy net een keer per maand huis toe kon gaan. Dit het gemaak dat dinge oor die langtermyn hier ook nie uitgewerk nie en dat hy en sy vrou uitmekaar begin dryf het. Hy het ook aan die toekoms van sy kinders in die “nuwe Suid-Afrika” gedink. Hy besluit om na Nieu-Seeland te emigreer. Op daardie stadium — Mei 2007 — het hy en sy vrou geskei en het net sy seun saam met hom emigreer. Sy dogter, Nastassja het in Suid-Afrika agtergebly om haar studies te voltooi.

Vandag is hy en sy seun Nieu-Seelandse burgers. Sy seun – ook Don - is te Tzaneen gebore op 30 Januarie 1989. Hy is getroud met Lindie Greyling en hulle het 'n dogter Amelia 'wat op 9 Julie 2018 gebore is. Don se dogter, Nastassja is te Tzaneen gebore op 07 September 1987. Sy is nie getroud nie, maar is in 'n permanente verhouding met Dieter Fritz. Hulle woon in Pretoria en het 'n seun Liam Fritz.



Stephen Henning *1-1-1968 en Nicola Botha op hul troue

b5.c4.d7.e1.f3.g1.h1.James Stephen Henning *1-1-1968 (noemnaam Steven) het laat weet dat hy, sy vrou, Nicola Jeannine (gebore Botha) *7-11-1964 en hul dogter, Charlotte * 26-7-2002 na die Verenigde Koninkryk emigreer het, om ‘n beter toekoms vir Charlotte te verseker.

Hulle het na lang en ernstige oorweging tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie in die sogenaamde “nuwe Suid-Afrika” met sy onuitwisbare misdadigheid, wetteloosheid en korrupsie enige toekoms vir hulle dogter in hierdie land sal wees nie.

Steven het egter versoek dat ons nie van hulle moet vergeet nie, want hulle bly trotse Hennings en nasate van stamvader Pieter Hendrik Henning. Hulle sal steeds gereeld hulle Ons Haantjie nuusbriewe wil ontvang.

Benjamin De Bruyn, seun van

a2.b7.c8.d8.e1.f4. Dina Margaretha Jacoba De Bruyn (gebore Henning) *23-4-1934 (noemnaam, Dientjie) het laat weet dat hy, sy vrou, Elizabeth (gebore Coetzee) en hulle dogter, Bernedine in 1997 na die VSA emigreer het. Die eerste ses maande het hulle in Nebraska gewoon en daarna na California verskuif. Dit was vir hulle baie moeilik om na ‘n ander land te skuif. Hulle het ‘n huis in Folsom, California gekoop. Hulle jongste dogter Netashia is op 6 April 2000 hier gebore. Sy is tans ‘n verpleegstudent in Arizona.

Benjamin sê dat hulle as gesin nog Afrikaans met mekaar praat. Hulle maak nog hul eie biltong en droë wors. Daar is verskeie Suid-Afrikaanse families in hul omgewing en voor die Covid-pandemie het hulle gereeld om ‘n braaivleisvuurtjie by mekaar gekuier en goeie geselskap geniet. Bettie woon ook gereeld elke maand ‘n Suid-Afrikaanse koffiekuiertjie by.

Om te emigreer of nie?

Ons het in die laaste paar nuusbriewe oor verskeie Hennings berig wat na ander lande emigreer het. In hierdie artikel vertel ons van nog drie families wat emigreer het, afgesien van die twee waarvan ons in die vorige artikel vertel het.

Met dit wat vandag op politieke gebied in Suid-Afrika gebeur — al die kriminaliteit, rassisme, korrupsie, verlaging van alle standaarde, agteruitgang van die landseconomie, die verval van munisipale bestuur, BEE, ensovoorts, ensovoorts — is

emigrasie sekerlik ‘n welkome en werkbare opsie, en ons gun ons neefs en niggies die gemoedsrus en voorspoed wat hulle nou ervaar.

Maar, **sonder om in die politiek betrokke te raak**, wil ons ook uitwys dat alles nie verlore is vir daardie Hennings wat nie kan of wil emigreer nie, maar in hierdie land – wat netsoveel ons land is as diegene wat ons nou probeer uitdryf – wil bly en hier voortbestaan. Om in Afrika te oorleef is nie vir ‘sissies’ nie! Ons voorsate was by verskeie geleenthede platgeslaan, maar hulle het elke keer opgestaan, teruggeveg en slegs met hul eie krag, vernuf, ywer, arbeidsaamheid weer vir hulle ‘n plekkie in die heerlike Suid-Afrikaanse son uitgekup. Ons haal die woorde van die negentiede eeuse predikant, Ds (vader) Kestell aan: “‘n Volk red homself”

Ons het soveel organisasie wat na die belange van ons mense omsien — Solidariteit, Afriforum, FAK, Erfenisstigting, Orania Beweging, Afrikanerbond, ons kerke en op politieke gebied ‘n party wat openlik en onbeskaamd na die belange en Groepsregte van Afrikaners en ander minderheidsgroepe omsien. Elkeen van ons behoort alles in ons vermoë te doen om by minstens een van hierdie organisasies betrokke te raak en/of te ondersteun. Dan is daar geen manier waarop die huidige regering en sy kornuite dit gaan regkry om ons te vernietig nie.

Goue Huweliksherdenking

Op 10 April 2021 het b1.c6.d4.e6.f2.g2. Pieter Abraham Henning *16-10-1941 en Jeanetta *01-01-1949 (gebore De Koker) ‘n besondere mylpaal bereik toe hulle hul 50ste huweliksherdenking gevier het.

Piet is die tweede oudste kind van b1.c6.d4.e6.f2 Salomon Johannes (Sampie) Henning *30-07-1910 en Martha Jacoba (gebore Loots) en is gebore in Bloemfontein, maar het grootgeword in Betlehem in die Oos-Vrystaat. Na skool begin hy werk by die Suid-Afrikaanse Spoorweë en in September 1966 verhuis hy na Pretoria waar hy werksaam was by die Suid Afrikaanse Buro vir Standaard (SABS) tot 1994. Daarna was hy vir korter periodes werksaam by onder andere ‘n glasfabriek asook ‘n fabriek wat treinwiele installeer het vir drie ton trokke.



Pieter Abraham Henning *16-10-1941 en Jeanetta *01-01-1949 (gebore De Koker) Het op 10 April 2021 hulle gouebruilof herdenk

Jeanetta is die jongste kind van Johan Christiaan (Jonnie) de Koker *12-10-1900 en Francina Petronella (Nellie) *29-03-1907 (gebore Weyers). Jeanetta is gebore in Beaufort-Wes waar sy ook haar skool opleiding voltooi het. Vroeg in 1967 begin sy met verpleegopleiding by die distydse H.F. Verwoerd Hospitaal. Tot haar aftrede in 2014 was sy werksaam in verpleging.

In 1970, kort voor Jeanetta klaar maak met haar aanvanklike opleiding en sou terugkeer Kaap toe, gaan groet sy ‘n verplegingskollega, Natalie Botha, by

haar woonstel. Piet en sy broer, b1.c6.d4.e6.f2.g3. Salomon Johannes (Sampie) Henning *26-12-1945 het op daardie stadium 'n woonstel in dieselfde kompleks gedeel en was tafel-loseerders by die Bothas. Sampie moes vroeg onttrek om aandklasse by te woon. Na ete word Piet gevra om Natalie se ouers (wat ook daar teenwoordig was) weg te neem huistoe asook om Jeanetta terug te neem verpleegsterstehuis toe.

Piet was slim genoeg om eers die ouer paar te gaan aflaaï en daarna vir Jeanetta. Daar het hy haar gevra om op 'n latere geleentheid saam te gaan fliek. Nodeloos om te sê is Jeanetta toe nooit terug Kaap toe nie en die res is dan soos hulle sal sê, geskiedenis.

Piet het veral 'n voorliefde vir musiek, fotografie asook houtwerk. Jeanetta geniet brei, hekel en lees. Hulle is ook die ouers van b1.c6.d4.e6.f2.g2.h1. Salomon Johannes *21-01-1973; b1.c6.d4.e6.f2.g2.h2. Marissa *17-02-1976 (getroud Petzer); en b1.c6.d4.e6.f2.g2.h3. Theuns Christiaan *01-10-1980.



Michael Jan Henning *20-2-1988 wat op 1 April 2021 in 'n motorfiets-ongeluk gesterf het

daarna weggejaag.

Michael het in Desember 2020 sy “Full Patch Colours” ontvang van die Bellator tak van die Crusaders Motorfietsklub. Hy het motorfietsry baie ernstig opgeneem en het gereeld geld gespaar om saamtrekke by te woon.

OM SAAM MET MUSIEK TE STAP

Ons het in die vorige nuusbrief (nr 146 van Mei 2021) van die afsterwe van a2.b1.c6.d3.e11.f2.g3. Petrus (noemnaam Pierre) Henning *17-6-1950 berig. Pierre se liefde vir Afrikaanse musiek het gemaak dat hy 'n vriend van verskeie groot Afrikaanse sangers was. 'n Maand voor sy skielike dood op 4 Maart 2021 het hy 'n artikel oor sy betrokkenheid met hierdie kunstenaars geskryf – so asof hy geweet het

Sterftes

a2.b9.c3.d3.e3.f4.g3.h5.i2. Micheal Jan Henning *20-2-1988, op 1 April 2021 om 20:20 uur te Newcastle oorlede. Hy was die seun Hermanus Engelbrecht Meyer Henning en sy vrou Estelle Reynette (gebore van Niekerk)

Michael was in 'n verhouding met Lindie van der Merwe *2-8-1998 toe daar vir hulle 'n babadogtertjie, Mika op 25-3-2017 gebore is. Mika is egter onder die van Van der Merwe geregistreer.

Michael sterf in 'n ongeluk op sy motorfiets toe hy in die aand agter 'n stadig bewegende bakkie sonder ligte ingery het. Hy is op slag dood. Die bestuurder van die bakkie het

dat iets met hom gaan gebeur. Hoe tragies! Weens 'n gebrek aan spasio kan ons net dele van sy artikel en slegs een van sy foto's publiseer. Lees gerus – baie interessant:

In die begin...., Ek het op oom Olaf se regterbeen gesit. Met my vyfjarige oue wysvingertjies in sy groot sagte hande tokkel ons die *Heidelied* uit op die vleuelklavier. Dit was waarskynlik my eerste bewuswording van musiek.

Olaf Andresen was veral bekend vir die *Heidelied*, *My hart verlang na die Boland*, en *Hoor my Lied* wat Gé Korsten gesing het in die flik met dieselfde naam. (My pa was 'n proefleser by die Transvaler koerant en het van tyd-tot-tyd gediggies in die koerant geplaas gekry. Olaf het dit raakgesien en my pa gevra om lirieke te skryf vir liedjies. Hoewel my pa dit nooit gedoen het nie, het hulle 'n hegte vriendskap gevorm - veral nadat hulle uitgevind het dat albei lede van die Ossewa Brandwag was - waar my pa ook vir John Vorster ontmoet het.)

Een van my grootste bronne van bitterspyt is dat ek nie volgehou het met klavierlesse op laerskool nie. Die belangstelling in musiek was maar altyd daar. Op hoërskool kon ek nie wag om op Sondagaande in die bed te luister na Evelyn Martin se versoekprogram op LM Radio nie.

Gedurende die vroeë tagtiger jare was ek bevriend met Francois Breytenbach wat op sy pa se plot in die Ooste van Pretoria (Bashewa) gebly het. In sy plaaswinkeltjie se stoorkamertjie het ons amper elke Vrydagaand musiek gemaak. Nie ek nie, maar op een-of-ander manier het die taak van "sameroeper" op my skouers beland. So langs die houtstofie en tussen die meelsakke en bokse en tabakreuk kan "handgemaakte", rou, aardse musiek nie beter klink nie.

Ongelooflike tye en baie goed bygewoon deur mense van die omgewing soos vriend, Dr Ed Retief (geoloog), wat 'n diep, diep kennis van boeremusiek gehad het, Jurg Myburg, radio omroeper en rugby kommentator en verskeie ander.

Gedurende dié tyd (27 Sept. 1985) was 'n 'show' aangebied in die Aula teater van die Universiteit van Pretoria. Ek en twee vriende het gaan kyk. Die musikante was Jannie du Toit, Tessa Ziegler en 'n onbekende persoon by name Lucas Maree. Hy was op die punt om sy eerste album "Kiekies" beskikbaar te maak.

Lucas was laaste op die program en toe hy opstap verstom ek my aan die man. Lang wit gewaad en laag, lang hare wat afhang tot onder sy blaai. Toe hy klaar is met sy show, was ons sprakeloos. Buite in die foyer het Ed (een van my vriende) na my gedraai en gesê (amper beveel) "Kry daai man vir ons Vrydag-aand byeenkomste."

En so het dit ook gebeur. En my lewe was onherroeplik verryk deur die lewenslange vriendskap wat ons met die Maree's gehad het.

Gedurende dié tyd het TRUK ook 'n maandelikse show aangebied, Kerslig, Vers en Melodie, aangebied deur Anneli van Rooyen. 'n Konsep wat ontstaan het in Jannie du Toit se huis. Ons het nooit 'n show gemis nie, en het mense soos Coenie de Villiers, Jannie, Louis van Rensburg, Juanita, en later natuurlik vir Lucas sien optree.

Ek was bevoorreg om Lucas te vergesel na talle opnames en konserte by die SAUK.

Op 'n ander geleentheid het ek en Lucas koffie gedrink in die SAUK se kafeteria saam met regisseur Alwyn Swart. Lucas het hom vertel van 'n projek wat ons begin het. Ons het begin om 'n TV reeks vir kinders te skryf wat afspeel in 'n museum. Alwyn het dadelik gehou van die idee en het ons mooi verduidelik hoe die formaat moet wees vir voorlegging aan die SAUK. Ek dink die kennis-inhoud waarde van so 'n

13 episode reeks het dadelik Alwyn se verbeelding aangegryp. Ek het 'n naweek by Lucas op die plot gaan bly en ons het die eerste episode so-te-sê klaar geskryf. Ons het meer gelag oor dit wat die twee karakters oorkom in die museum, as wat ons geskryf het. Die geaardheid van die seun en meisie was sò dat die storie homself geskryf het. Ons het soms gehuil van die lag. En Lucas kon so lekker lag. Maar helaas, ek en my vrou se beplande trek Durban-toe en die neiging om Afrikaans af te skaal by die SAUK het ons entoesiasme ook maar laat kwyn.

Dit was by dieselfde plot waar ek op 'n stadium as 'n "ekstra" moes optree tydens 'n video verfilming van 'n opname van een van Koos du Plessis se liedjies wat Lucas gesing het. Op 'n stadium het ons vir Johan Stemmet by die SAUK raakgeloop. Hy't my herken en ons vertel hoe lekker hy en Johan van Rensburg gelag het vir my "bydra". Blykbaar het ek 'n baie bedonnerde kyk gehad wat baie van pas was.

Laurika val van die verhoog af.....

Die Universiteit van Potchefstroom het gedurende 1986 'n musiekfees gehou. Van die kunstenaars wat sou optree was Laurika Rauch en daarna Lucas. Ek het die Vrydag verlof geneem en ons was Potch-toe vir 'n onvergeetlike naweek.



Hierdie foto het Pierre agter die verhoog geneem terwyl Laurika haar beurt afgewag het. Lucas het sommer bietjie ghitaar gespeel om op te warm. Laurika regs voor

Laurika was buite haarself van opgewondenheid, want haar nuwe album was op die punt om te verskyn en vanaand sing sy 'n paar nuwe liedjies. Sy vertel ons dat sy vir maande ernstig depressief was omdat sy nie nuwe materiaal kon kry om te sing nie. Een aand kom haar man, Chris Torr by haar en vra wat sy dink van die liedjie wat hy geskryf het.

Haar man (professor in ekonomie) was ook die naweek daar en wat 'n wonderlike persoon. Hy het in die Karoo op 'n plaas groot geword, maar kon skaars Afrikaans praat.

Chris speel toe *Brief aan Mannetjies Roux* vir haar. Sy kon dit nie glo nie. Ons weet almal hoeveel egte boere liedjies uit sy pen gekom het. Hy het vir ons 'n kasset gegee en ons het dit oor en oor gespeel op pad terug huis toe.

Terug by Laurika. Van agter die gordyne kon ons hoor dat sy 'n moerse sukses was. Toe word alles skielik stil. Lucas koekeloer skelm om die gordyn. Laurika het van die verhoog af geval - omtrent 1 m hoog. Die "spotlights" het haar verblind en sy het per ongeluk te vêr vorentoe getrap. Gelukkig het sy nie seer gekry nie en 'n grap daarvan gemaak.

Sy het daardie naweek vir Lucas 'n baie gepaste en mooi kompliment gegee: "Lucas, jy het 'n moerse "presence" op die verhoog" het sy gesê.

'n Paar maande later by Laurika-hulle se huis in Irene, het Chris vir ons vertel wat sy strategie is met die skryf van liedjies. Hy gebruik 'n Afrikaanse gesegde om as basis te dien vir lirieke. soos, bv "Die son trek water", dan bou hy verder. Soos die liedjie vorder, verdwyn die aanvanklike tema partykeer heeltemal.

Ek is nie seker wie se besluit dit was om van Koos du Plessis se liedjies wat hy nooit opgeneem het nie, as 'n huldeblyk aan hom op te neem. Ek dink dit was Lucas, Jannie of dalk Nick Taylor.

Lucas was die klankingenieur en die opnames was gedoen by Nick Taylor se ateljee by sy huis tussen Pretoria en Krugersdorp. (Broederstroom?) Die kunstenaars was Lucas, Jannie, Coenie en Nick Taylor.

Op 'n stadium (1987?) het Lucas my gevra om hom een aand te vergesel na 'n geleentheid naby Bronkhorstspuit wat gereël was deur die Junior Rapportryers. Gedurende die geleentheid was Anton Goosen vereer vir sy bydrae tot die Afrikaanse kultuur. Dit was by een-of-ander vakansieoord en nà die formaliteite was die "eregaste" (waarvan Lucas een was) uitgenooi vir die "after party" by die voorsitter se huis op 'n plot naby Bronkhorstspuit - een-of-ander advokaat.

Toe ek en Lucas terugry huistoe, het die son sy kop in die Ooste uitgesteek. Uit die bloute stel ek voor dat ons dalk vir Anton moet uitnoui vir 'n braai. "Dit sal nogal nice wees" was Lucas se antwoord.

Op daardie stadium was ek onder die indruk dat Anton iewers in die Weskaap bly en was aangenaam verras toe die SAUK my sy telefoonnommer gee. Hy het 'n plaas gehad langs die Hennopsrivier naby die sameloop van die Krokodil- en Hennopsriver.

'n Paar Sondae later het Anton toe by ons kom kuier en dit was lekker om te sien hoe hy en Lucas land en sand gesels.

Op sy beurt het Anton ons uitgenooi om by hom op die plaas te kom kuier. Dit was 'n ongelooflike stimulerende era. Ek en my vrou, Andréé, het baie keer gepraat oor hoe intens en onder druk Lucas en Anton lewe. Ons het nagte om gepraat oor die veld, die sterre, die lewe, die humor in die lewe.

Ek onthou kere wat ek alleen by Anton gekuier het en sommer op die cottage se sitkamer se mat oorgeslaap het. Anton het 'n diep kennis en respek vir Eugene Marais en gesprekke wat my bybly was oor sy lewe, en digkuns. Anton het my die boek "Die Groot Verlange", wat handel oor Eugene Marais se lewe, laat koop dit en is tot vandag nog een van my kosbaarste besittings.

Anton is 'n mens wat hou van redeneer (let wel nie sommer "praat" nie) en het mense om hom nodig om gedagtes mee te deel. Gedurende dié tyd het hy alleen op die plaas gebly en ek dink dit moes taamlik eensaam wees. 'n Mens het altyd welkom gevoel. Dag of nag.

Op die plaas was daar 'n ander dubbelverdieping huis wat Anton besig was om klaar te bou. Een aand het ons buite dié huis gebrui en gekuier. My blaas het bietjie begin pla en ek het opgestaan en rivier se kant toe gestap om "te kyk of die bok nog vas is". Uit die hoek van my oog het ek die lae paaltjiesheining op die rand van die rivierwal dopgehou, maar nie gesien dat daar 'n inham in die wal reg voor my was nie. Die volgende oomblik val ek omtrent 2 m ver bo-op takke en rotse langs die rivier. Gebreekte toon en been 6 weke in gips.

Die volgende naweek het ons na een van Anton se opelug “shows” by die Willem Prinsloo Museum naby Cullinan gaan kyk. Toe ons daar kom, was die optrede reeds aan die gang. Terwyl Anton sing, kom ek toe maar aangesukkel met die krukke om 'n plekkie op die grasperk te kry.

Skielik hou hy op met sing en sê: "O, hier's Pierre. Hy het laas Saterdagagaand by my kom kuier en het sommer in die nag verdwyn. Ons het hom eers Dinsdag onder 'n boom gekry. Van 'n krans afgeval".

Almal kyk vir my en lag.

Ons het baie keer gaan oorbly op 'n privaat wildtuintjie buite Warmbad. (Zwartkloof) Eenkeer was oa Lucas-hulle en Anton saam.

Anton het altyd sy ghitaar saamgevat as hy êrens gaan, maar nooit gesing nie. Ook nie by die Gansbaailapa nie. Niemand het dit ook verwag nie. As ek saam met my tandartsvriend kuier verwag ek mos nie dat hy iemand se tand moet trek om my te vermaak terwyl ons kuier nie.

Lucas was anders. Hy het dit geniet om sy ghitaar uit te haal en spontaan te begin sing as die atmosfeer dit toelaat.

By Zwartkloof kon Lucas dit nie weerstaan nie. Laataand. Die sekelbosvuur se vlamme gooi spookgedaantes teen die doringbome se stamme. Lucas begin sing. Koos du Plessis se Kouervuur:

*"Die kole gloei soos vroeër aande
maar die vuur is in my kop....."*

Dis eintlik net onder sulke omstandighede wat Koos se woorde begin sin maak. Mens luister na Lucas en die woorde, jy staar na die vuur en jy word stil.

Hy neem sy professionele en kwaliteit van opnames baie ernstig op. Sosiale lewe en professionele meng nie.

Groot was my verbasing eendag toe hy my uitnooi om 'n repetisie van die titelsnit van die album "Winde van verandering" by te woon op die plaas.

In 1989 het ek en Andréé Durban-toe getrek. Die sosiale omstandighede was totaal anders as in Pretoria. Omdat daar 'n relatiewe klein Afrikaanse gemeenskap is, het ons baie gou baie mede Afrikaners ontmoet en was gou in- en aangeneem deur die klein Afrikaanse gemeenskap.

Beide Lucas en Anton het kom kuier.

Tydens een besoek het Anton ons gevat om te kyk na "Dead poet society", een van sy gunsteling. Nodeloos om te sê, myne ook daarna.

Vanweë Anton se onversadigbare belangstelling in musiek het ons baie aande na musiekoptredes en nagklubs besoek om na die musikante te gaan kyk.

As voorsitter van die kultuur-komitee en lid van die Geloofte Laerskool se Bestuursraad het ek musiekkonserte vir die skool gereël.

Optredes deur Lucas, Jannie du Toit, en Coenie de Villiers het darem gesorg dat die skoolsaal elke keer stampvol was. Carel Trichardt en sy vrou Petru Wessels het ook kom besoek aflê.

Toe ons kinders op hoërskool kom, het die kontak met Afrikaanse musiek en vriende begin taan. Die werk het my volle aandag begin eis.

Uit die oog.... ens.

Met Lucas se siekte het ek weer kontak met hom gemaak. Sy laaste epos aan my was die een wat die seerste gemaak het. Net een of twee sinnetjies waarin hy afsluit:

"More moet ek weer fokken tronk-toe gaan" (hospitaal)

Ek is vir ewig spyt ek kon nie sy gedenkdien bywoon nie - nadat ek Ilse belowe het ek sal daar wees. Omstandighede het dit ongelukkig glad nie toegelaat dat ek Bloemfontein-toe kon gaan nie.

Gedurende 2012 het ek weer vir Anton op facebook raakgeloop.

Die ou vriendskap is hervat en nadat ons in April 2015 op Pringlebaai kom bly het, het ons mekaar redelik gereeld gesien. Hy woon op Gansbaai. Ons is baie bly dat hy 'n wonderlike mens soos Estie ontmoet het, wat sy lewe weer vol maak.

Eendag as die virus padgegee het, gaan daar weer ernstig gekuier word.

Ek dink as daar een ding was waarvoor Lucas spyt was, was dat hy toegelaat het dat Leon Schuster hom gebruik het in een van sy fliëks. Baie keer het ons in Esselenstraat in Sunnyside gestap, dan het mense hom gestop en gesels. Altyd vir hom gelag oor die insident. Ek kon sien dat hy wou slange vang, maar het altyd koelkop gebly.

Lucas het die grootste respek vir Koos du Plessis se liedjies gehad en niemand kon daai liedjies sing soos hy nie. Maar hy het baie hard gewerk om die "Koos du Plessis" image uit sy loopbaan te kry. Almal het van hom verwag om Koos se goed te sing, maar Lucas wou (met reg) gesien word as 'n kunstenaar in sy eie reg. Ek is bly vir hom dat hy dit later wel reggekry het.

Een konsert sal altyd vir my uitstaan. Ek en Andréé was een aand saam met hom na TRUK se Windy Brow teater in Johannesburg. Anneli van Rooyen was die aand aan die stuur namens TRUK as organiseerder van een van haar maandelikse Kerslig, Vers en Melodie opvoerings.

Tydens dié opvoerings was daar Afrikaans gesing of instrumentele items aangebied, bv klassieke ghitaar deur Tessa Ziegler, ens.

Na pouse is Lucas die hoofkunstenaar. Hy begin met die ghitaar- inleiding van sy eerste item en ek kry amper 'n oorval. Hy gaan "Green fields of France " sing. In Engels. Ek krimp terug in my stoel. Wat doen hy?

Niemand, maar niemand, wêreldwyd, kon dié liedjie speel en interpreteer soos Lucas nie. Hy gee 'n ongelooflike vertolking van die liedjie.

Toe hy klaar is, is die gehoor doodstil. Na omtrent 5 sekondes staan die gehoor op soos een man en gee hom een van die grootste "standing ovations" wat ek al gesien het. Ys gebreek! Die res van die aand was seker die beste vertoning van Lucas wat ek ooit gesien het.

Deesdae is dit maar stillerig op die musiekfront behalwe vir kuiers by Anton en sy optredes hier in ons omgewing.

My saamstap met musiek het maar net gebeur, maar ons vriendskap met Anton en Lucas het ons lewens onmeetbaar verryk en ons na plekke gevat waar ons andersins nooit sou kon kom nie.

Die herrinneringe moet mens maar koester en nuwes wat nog kom, diep waardeer.

Geldsake

Ons is dankbaar om te kan berig dat 'n paar mense oor die afgelope drie maande gehoor gegee het aan ons noodoproep vir bydraes, omdat die voortbestaan van die familiebond in alle opsigte afhanklik is van donasies deur ons lede.

Ondergemelde lede stuur gereeld maandeliks per debietorder 'n bydrae vir die familiebond, wat van onskatbare waarde is:

Jan Hendrik Henning van Glenstantia, Pretoria, Mauritz Martin Henning van Theresapark, Pretoria-Noord, mev Gesina Spangenberg van Tsumeb, Namibië, mev Runa (R T) van Straaten van Pretoriuspark, Pretoria en Pastoor Antonie Henning van Daspoort, Pretoria.



Dan het die volgende persone oor die afgelope drie maande ook waardevolle bydraes gelewer waarvoor ons baie dankbaar is:

- Gert Hendrik Frans Henning b7.c1.d3.e5.f1.g4.h3. - R1000.00 (hy het ook R5000.00 bygedra tot ons monument projek)
- Dan het b7.c1.d3.e5.f1.g7.h1. Gert Hendrik Frans Henning *1971-05-06 R200.00 bygedra

Alle bydraes word verwelkom, want dit wys vir ons dat hierdie lede waardering het vir die werk wat die familiebond doen.

Die bank besonderhede van die Henning Familiebond is as volg:



FNB, Villiersdorp (tak 200 712); Rekening nr 6265 7601 483. Gebruik asseblief u lid nommer of voorletters en van (indien moontlik volle voorname) as verwysing wie die deposito gemaak het.